HOOFSTUK 9: DIE PLEK VAN MOSES IN GOD SE OPENBARINGSGESKIEDENIS

Moses in Egipte

1. Voorafgeskiedenis: Verdrukking van Israel

Die Here het die volk Israel 430 jaar lank in Egipte laat bly (kyk Eks. 12:41). Die tydperk was in die raad van God ’n tydperk waarin Israel opgevoed is tot ’n selfstandige volk.

- Maar die Here het nie in gedagte gehad dat die volk vir altyd daar moes bly nie. Daarom beskik die raad van God dat daar ’n tyd van verdrukking aanbreek toe ’n nuwe koning wat Josef nie geken het nie, oor Egipte geregeer het.
- Die Israeliete het meer geword en later ’n magtige volk geword.
- Dit het die Egiptiese koning bang gemaak. Vir hom was dit ’n politieke en sosiale krisis.
- Hy was bang dat die Israeliete moontlik by Egipte se vyande kon aansluit.
- Daarom het hy allerhande metodes uitgedink om die vermeerdering van die Israeliete te beperk.
  - Hy het teenoor hulle opgetree asof hulle ’n volk was wat hy in ’n oorlog oorwin het.
  - Hulle moes vir die farao die stede Pitom en Rameses bou.
  - Hulle moes self ook die bakstene vir die bouwerk maak.

Die verdrukking het nie baie gehelp nie. Selfs onder die verdrukking het die Israeliete se getalle vermeerder. Daarom het die farao nou ’n tweede plan in werking gestel.

- Hy het die vroedvroue Sifra en Pua beveel om elke Israelitiese seuntjie wat gebore word, dood te maak.
- Hierdie vroedvroue was gelowig en was vir God bang. Daarom het hulle nie die bevel van die farao uitgevoer nie.
- Toe die farao agterkom dat hierdie plan ook nie help nie, het hy beveel dat al die seuntjies in die Nylrivier gegooi moes word.
- Waarskynlik is die Israelitiese seuntjies gebruik as offers aan die krokodille – wat deur die Egiptenare aanbid is!
- God het hierdie wreedaardige maatreël in sy voorsienige bestel gebruik om die verlosser van Israel (Moses) aan die paleis van die farao te kry. Dit was nodig omdat die Here die farao wou gebruik om Moses daar voor te berei vir sy latere taak om Israel uit Egipte uit te lei.

2. Moses word gebore

In hierdie tyd is Moses gebore.

- Sy ouers was Amram en Jogebed, albei uit die stam van Levi.
- Hulle het reeds ’n dogter Mirjam en ’n seun Aäron gehad.
- Toe Moses gebore is, het sy ma hom drie maande lank weggesteek.
- Toe sy hom nie langer kon wegsteek nie, het hulle ’n mandjie van biesies gemaak en Moses daarin na die Nylrivier toe geneem.
- Die mandjie is op ’n plek neergesit waar die dogter van die farao gewoonlik bad.
- Mirjam moes op ’n afstand staan om te sien hoe alles afloop.

3. Moses word deur die farao se dogter gevind

Die Here het die geloofsdaad van Moses se ouers geseën.

- Toe die farao se dogter die mandjie sien, het sy dit laat haal.
- Toe sy die huilende seuntjie daarin sien, het sy hom jammer gekry.
- Mirjam het nader gekom en gevra of sy ’n pleegmoeder uit die Israeliete vir die seuntjie kan gaan haal.

- Sy het haar eie moeder gaan haal. Dit was logies dat sy haar eie ma sou gaan haal, want sy het melk gehad omdat sy Moses nog geborsvoed het!
- So het Moses weer in sy ouerhuis teruggekom.
- Die farao se dogter het die seuntjie aangeneem en hom die naam "Moses" gegee, dit is "uit die water gehaal".

4. Moses in die paleis van die farao

Toe Moses groter word, is hy in die paleis van die farao opgevoed en onderrig in die wysheid van die Egiptenaars. Hy was baie slim en het uitgeblink in alles wat hy gedoen en gesê het (kyk Hand. 7:22).

- **Hy het egter nie 'n Egiptenaar geword nie, maar 'n Israeliet gebly.**
- God het met sy Gees en genade in hom gewerk sodat hy verkies het om sleg behandel te word saam met die volk van God eerder as om die kortstondige sondige Egiptiese lewe te geniet (lees Heb. 11:24-26).
- Hy het 'n groot liefde vir sy volk gehad.

5. God gebruik die sonde om Moses te laat vlug

Toe Moses op 'n sekere dag sien hoe 'n Egiptenaar 'n Hebreeuse man slaan, het hy die Egiptenaar doodgemaak.

- Hy was onder die indruk dat niemand dit gesien het nie, maar hy het 'n fout gemaak.
- Toe hy die volgende dag tussenbeide tree tussen twee Israeliete wat baklei het, is hy verwyt dat hy die Egiptenaar doodgeslaan het.
- So het sy eie volk teen hom gedraai.

Die saak het bekend geword, en toe die farao dit hoor, het hy Moses gesoek om hom dood te maak. Moses het egter betyds gevlug na Midian waar die nakomelinge van Abraham en Ketura gewoon het (Gen. 25:2).

Moses se lewe word in drie tydperke van veertig jaar elk verdeel.

- Die eerste was die tydperk van veertig jaar aan die farao se paleis.
- Die tweede was die tydperk van sy verblyf in Midian.
- Die derde tydperk was dié as leier van sy volk.

Moses se roeping

6. Moses vlug na Midian toe

Moses het in Midian aangekom. Die Midianiete was mense wat vroeër deel van die verbond was. Hulle was nasate van een van Abraham se kinders by Ketura, sy tweede vrou. Abraham het met haar getrou nadat hy al 130 jaar oud was en Sara gesterf het. Moses raak dus deurmekaar met mense wat hulle geloof in God verloor het en wat afgode in die plek van God aanvaar het.

By 'n put het hy die sewe dogters van die priester in Midian, Reüel of Jetro, ontmoet. Jetro het daarop aangedring dat Moses by hom in sy huis bly.

- Moses het met een van sy dogters, Sippora, getrou.
- Hy het by haar twee seuns gehad – Gersom en Eliëser.

Moses se verblyf by Jetro was vir hom 'n tyd van loutering.

- Hy moes leer om af te sien van sy eie verlossingsplanne, en om God se roeping en God se wonderdade op God se tyd af te wag.
- Die verlossing van Israel uit Egipte moes die werk van die Here alleen wees.

Die dag van verlossing was egter naby. Die Here het die noodkrete van sy volk in Egipte gehoor en Hy het gedink aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob.

7. Die Here verskyn aan Moses

Terwyl Moses sy skoonpa Jetro se vee by die berg Horeb opgepas het, het hy ’n brandende doringbos gesien. Die bos het aangehou brand maar nie uitgebrand nie.

- Toe Moses naderkom, het die Here hom toegeroep dat hy sy skoene moet uittrek, want die grond waarop hy staan is heilig.
- Die Here het Hom aan Moses bekend gemaak. Hy het gesê wie Hy is, en Hy het Hom bekend gestel as die God van Abraham, Isak en Jakob.

Moses was bang om na God te kyk.

- God het vir hom gesê dat Hy die verdrukking van Israel in Egipte gesien het.
- God is van plan om ’n einde daaraan te maak.
- Hy gaan sy volk verlos.
- Moses sou die middel in God se hand wees om dit te bewerk.

8. Moses was bang om God te gehoorsaam!

Toe God hom tot hierdie grootse taak geroep het, het Moses geaarsel.

- Hy het die een beswaar na die ander geopper.
  - Toe hy op sy geringheid wys, het God hom sy hulp beloof.
  - God het hom ook die teken gegee dat hy Hom binnekort saam met die volk op daardie selfde berg sou dien.
- Toe Moses vra wat hy aan Israel moes sê as hulle sou vra wie sy Sender is, het die Here geantwoord dat hy moes sê dat Jahwe, Ek is wat Ek is, sy Sender is.
- In hierdie naam lê die verbondsverhouding van God met Abraham, Isak en Jakob opgesluit.
  - Die verbondsverhouding het ook op Jakob se nakomelinge oorgegaan.
  - God bly die Getroue vir sy hele volk.
  - Sy volk sou kragtens die beloftes van die verbond nie in Egipte bly nie, maar hulle moes in Kanaän kom.

Die Here het aan Moses opdrag gegee om eers die oudstes van die volk in kennis te stel van die doel van sy sending. As hulle luister, moes hy met hulle na die farao toe gaan om toestemming te kry dat die volk drie dagreise ver die woestyn intrek om aan die Here te offer.

God het die hardkoppigheid van die farao geken en het daarom met ’n eis gekom wat nie swaar is nie. Die oorspronklike verpligting wat op Israel gerus het om weer terug te keer na Egipte het natuurlik verval omdat die farao sy woord verbreek het. God sou met sy oordele die farao egter dwing om die volk finaal te laat trek.

Moses het toe met ’n nuwe beswaar gekom: die Israeliete sal hom nie glo nie.

- Die Here het hom toe twee tekens gegee wat sy goddelike sending ondersteun het.
  - Die **eerste teken was dat Moses se kierie in ’n slang verander het.** Toe hy die slang aan die stert gryp, het dit weer ’n kierie geword.
  - **Die tweede teken was dat Moses sy hand in die vou van sy klere moes steek. Toe hy dit uittrek, was dit melaats, so wit soos sneeu.** Toe hy sy hand weer daar insteek, was dit gesond.
  - As hulle hierdie twee tekens nie wou glo nie, moes hy ’n **derde teken** doen. **Hy moes**

water uit die rivier neem en sodra hy dit op die grond uitgooi, sou dit bloed word.

Moses was egter nog nie tevrede nie. Hy het God daarop gewys dat hy swaar praat en dat sy tong sukkel. Daarom het hy die Here gevra om liewers iemand anders te stuur. Omdat al Moses se bedenkinge uit onwilligheid voortgekom het, het die Here kwaad geword en hom eenvoudig beveel om te gaan.

9. Moses kom weer in Egipte terug

Die Here het vir Moses sy broer Aäron as hulp gegee om hierdie opdrag te kan uitvoer. Hierin kan die goedheid van die Here ook weer gesien word ten spyte van Moses se besware en onwilligheid.

Moses het verlof van Jetro ontvang om na Egipte te gaan. Hy het van sy skoonvader afskeid geneem en met sy vrou na Egipte vertrek met die kierie wat God hom gegee het, in sy hand. Moses moes egter eers gehoorsaamheid leer.

- Hy het in Midian nagelaat om sy seun te besny, waarskynlik ter wille van sy Midianitiese vrou.
- Op die plek waar hulle oornag het, het die Here egter na Moses toe gekom en wou hom doodmaak.
- Sippora het daardie nag die gevaar afgewend toe sy self haar seun met ’n klip besny het. Sy het na aanleiding daarvan vir Moses gesê dat hy haar “bloedbruidegom” is.
- Sippora het die volgende dag teruggegaan na haar pa se huis toe. Sy het vir eers die kinders saam met haar na haar vader toe geneem (Eks. 18:1-7).

Aäron het Moses langs die pad ontmoet en saam met hom na die farao toe gegaan.

10. Die betekenis van Moses

- Moses is ’n styltipe van Jesus Christus omdat hy sy volk verlos soos wat die Here Jesus sy kerk verlos.
- Moses lei die volk uit Egipte uit, soos wat die Here Jesus ons uit die mag van die hel en die sonde uitlei.
- Egipte is in hierdie geskiedenis simbolies van die hel en Kanaän is simbolies van die hemel. Die Doopsformulier verklaar daarom die deurtog deur die Rooi See as die simbool van die doop (verlossing in die bloed van Christus).